**JANUARIE 2017** **TWR Women of Hope/Project Hannah**

A ministry of TWR

Liewe Vriende

Met die begin van ons twintigste jaar sedert die ontstaan van ons gebedsaksie, wil ek eerstens vir julle dankie sê vir jul volgehoue toewyding tot gebed gedurende die twee dekades wat God ons geskenk het, sodat ons aan vroue deur die wêreld heen, ondersteuning kon bied en geestelike bediening kon lewer. Ons moet nou – meer as ooit – op Jesus staatmaak en Hom vertrou om in die volgende 365 dae magtige en wonderbaarlike gebeure te laat plaasvind!

Ek glo, deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons, is ons tot veel meer in staat as wat ons ooit kan bid of dink (Efesiërs 3:20).

Dit is wonderlik om hierdie grootse taak saam met 'n span soos julle aan te pak, terwyl ons die boodskap van hoop en genesing, wat slegs in Jesus te vinde is, aan vrouens regoor die wêreld verkondig! Die Januarie gebedsbrief bied 'n hele paar nuwighede – onder andere ons nuwe naam! Ja! Met die leiding van die Heilige Gees en ondersteuning van TWR se wêreldwye leierskap, sal Projek Hanna vanaf hierdie jaar transformasie ondergaan en bekend staan as **TWR Vroue van Hoop**. Gedurende hierdie transformasietydperk sal ons beide name – **TWR Vroue van Hoop/Projek Hanna gebruik.**

Ons nuwe naam, **TWR Vroue van Hoop**, is 'n seëning in meer as een opsig:

> Dit vereenselwig ons wêreldwye radioprogram, Vroue van Hoop, met ons naam deur die 70 tale van vroue (en mans) wat gebruik word, met die uitreiking na Jesus.
>
> Dit verbind ons meer met TWR, die kragtige radio- en digitale media-bediening, waardeur vrouens regoor die wêreld, en vir generasies al, bereik word.
>
> Dit bevestig ons roeping om saam te bid, programme daar te stel, bewusmaking te rëel, leierskapontwikkeling te organiseer, en omgee – sodat vrouens oral ***Vroue van Hoop*** kan word!

Met die toekomsblik vir die nuwe jaar in sig, mag ons volhou met die heiligmaking van Jesus se Naam, terwyl ons vir vroue in die gevangenis bid. Tydens my besoek aan 'n vrouegevangenes in Paraguay, was daar een spesifieke vrou wie se oë aan my die liefde van Jesus weerspieël het. Gedurende my getuienis aan haar het ek haar leed en pyn aangevoel, en dit was duidelik dat sy gebede nodig het vir deursettingsvermoë met haar daaglikse pad wat sy met Jesus loop. Bid asseblief dat ons susters in die gevangenis die moed en oortuiging sal hê om elke dag op Jesus te vertrou, sodat hulle kan glo dat hul nie vergete is nie.

Aan God al die eer onderwyl ons vir mekaar in gebed intree, en nader tot Hom.

In Jesus verbly ons ons harte,

Peggy Banks
Wêreldwye Bedieningsdirekteur
TWR Vroue van Hoop/Projek Hanna